Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 42 | 9 September 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

Don't know where your kids are in the house?
Turn off the internet and they will show up quickly !

AANLYN-INSKRYWINGS GRAAD 1 – 2022

Die Gauteng Departement van Onderwys se **aanlynstelsel**, vir die inskrywing van Graad 1 leerders vir 2022, sal op 13 September 2021 lewendig wees.

Ons doen 'n beroep op al ons toekomstige Graad 1 Riebies om op dié dag, so vroeg moontlik, voor u rekenaar te wees om te registreer en aansoek te doen by www.gdeadmissions.gov.za .

Die skool het reeds aan ons Graad R ouers 'n Riebie-Flits gestuur en 'n e-pos as herinnering met stap-vir-stap riglyne om hulle by te staan met die aansoekproses.

Hou asseblief die skool se nuusbriewe en d6 dop vir enige verdere inligting in die verband.

KOM ONS MAAK TYD VIR ONS KINDERS...

- Net vir vanoggend, gaan ek bo-oor die vuil wasgoed klim, jou optel en jou parkie toe vat om te gaan swaai.
- Net vir vanoggend, gaan ek die skottelgoed los, en jou kans gee om vir my te wys hoe jy jou legkaart bou.
- Net vir vanmiddag, gaan ek nie eenkeer kwaai met jou praat nie, en as die roomyskarretjie verbykom en jy vra jy wil een hê, gaan ek jou toelaat om te kies net watter een jy wil.
- Net vir vanmiddag, gaan ek jou toelaat om saam met my koekies te bak, sonder om vies te word as jy mors, en sonder om jou kinderpoging elke keer te probeer regmaak.
- Net vir vanmiddag, gaan ek nie bekommerd wees oor wat van jou gaan word as jy groot is nie, en my nie verknies of ek ooit altyd die regte besluite vir jou geneem het nie.
- Net vir vanoggend, gaan ek die selfoon ignoreer en die rekenaar afskakel en saam met jou sit en borrels blaas.

- Net vir vanaand, gaan ek jou in my arms hou, en jou die storie vertel van hoe jy in my lewe gekom het en hoe bly ek daaroor is.

- Net vir vanaand, sal ek jou laat laat wakkerbly, dan sit ons op die stoep en tel al die sterretjies.

- Net vir vanaand, gaan ek snoesig saam in jou bedjie lê tot jy slaap, al mis ek ook my geliefde TV program, en ek sal dink aan al die pappas en mammas wat op soek is na verlore kinders.

- Ek sal dink aan die mammas en pappas wat hulle kinders in die hospitaal sien ly, omdat hulle siek is, en dan gaan ek jou nagsê met 'n soentjie, en jou nog 'n rukkie vashou.

GEVARE VAN TE VEEL SKERMTYD

Tydens die inperking, was ons en ons kinders genoodsaak om baie meer gebruik te maak van die internet en sosiale media weens aanlyn onderrig, kommunikasie met onderwysers en natuurlik ook maats. Die impak hiervan was opvallend.

Minder leerders was betrokke by buitemuurse aktiwiteite en sosiale geleenthede, en baie van daardie tyd was opgeneem deur sosiale media. Ouers het ter wille van hulle kinders se moraal al meer toegelaat as gewoonlik. Kinders se programme en ritmes het ook verander en selfs sosialisering het virtueel plaasgevind.

Navorsing dui daarop dat akademiese prestasie, deur te veel skermtyd, negatief geraak kan word.

Dit is nie soseer die opvoedkundige tyd wat voor die skerm deurgebring word nie, maar die nie-opvoedkundige tyd, soos televisie, internet, rekenaarspeletjies en sosiale media. Boonop kan dit bydra tot probleme met slaap en aandag.

Navorsers het ook bevind dat kinders wat te veel skermtyd gehad het, se breine swak konnektiwiteit het in dié areas wat taalontwikkeling en kognitiewe beheer.

Hoe moet jy as ouer die situasie van sosiale media en die tegnologie benader?

Dit is 'n situasie wat met begrip, maar ook met duidelike riglyne, hanteer behoort te word en u moet as gesin saam besluit wat werk:

- ☆ Beperk skermtyd – Skakel toestelle saans na 'n bepaalde tyd af. Laat kinders help om skermtyd te bepaal.
- ☆ Geen skermtyd langs die etenstafel of in die slaapkamer voor slapenstyd nie.
- ☆ Kyk saam met jou kinders na die dokumentêr "*Social Dillemma*".
- ☆ Volwassenes, wees bedag op jou eie gebruik van sosiale media en onthou maar gerus: "*Woorde wek, maar voorbeelde trek*".
- ☆ Moedig jou kinders aan om betrokke te raak by buitemuurse aktiwiteite – die skool het tans verskeie aktiwiteite wat aan die gang is en indien jou seun/dogter nie krieket, hokkie, koor of revue doen nie, skakel gerus in by die skool se atletiek- en landloop-programme, wat massadeelname bevorder.

"Your Children will see what you are all about by what you live rather than what you say".

~Wayne Dyer ~

LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK JAARBLAD

Eerste in sy soort by Laerskool Van Riebeeckpark – **'n Jaarblad** !

Die Riebies is 35 jaar jonk! Ten spyte van al die gebeure wat ons almal se lewe op ys geplaas het, is Laerskool Van Riebeeckpark se geskiedenis nie op ys nie😊. Die skool het dit goedgedink om ons 35-jarige herdenking met die gemeenskap te deel. 'n Groot produksie is nie moontlik nie, maar niemand sê ons mag nie steeds al ons leerders en personeel se ervarings in 'n pragtige boek vasvang nie. Die Jaarblad sal nie net, onder andere, 2021 se gebeure vasvang nie, maar ook die laaste 35 jaar se geskiedenis.

U kan deel wees van die geskiedkundige "gedrukte-nis" – die RIEBIE JAARBLAD !

Aandag alle oud-Riebie-ouers!

Indien u self in Laerskool Van Riebeeckpark was en u nou tans 'n leerder in die skool het, versoek ons asseblief die volgende vir die Jaarblad:

☆ 1 x foto waar u in u Riebie skooldrag "pronk"; en
☆ 1 x foto van uself, huidiglik.
Stuur asseblief u foto's, naam, van en tydperk in VRP na jaarblad@riebie.co.za.

Indien u belangstel om 'n bladsy te borg en 'n advertensie daarop te plaas is die koste as volg:
A4 = R2 500.00 en A5 = R1 800.00.

Indien u nie 'n advertensie het nie en wil 'n advertensie laat ontwerp, is die addisionele kostes as volg: **A4 = R600.00 en A5 = R450.00.**

Indien u, u kind se "klasfotobladsy" wil borg, is die koste R300.00 en u kind se naam sal dan onderaan die bladsy verskyn. **Stuur gerus 'n e-pos na jaarblad@riebie.co.za indien u belangstel.😊**
Die bladsyborg sal toegeken word op 'n "*first come, first serve*" basis.

Advertensies wat reeds ontwerp is kan gestuur word na jaarblad@riebie.co.za nie later as 18 Oktober 2021 nie.

Advertensie wat nog ontwerp moet word, kan al die inligting wat op die advertensie moet verskyn, aangestuur word na jaarblad@riebie.co.za nie later as 11 Oktober 2021 nie.

BESTEL EN BETAAL U JAARBLAD SOMMER NOU– TEEN SLEGS R250.00 PER JAARBLAD

Ons vra dat ouers ons asseblief sal ondersteun..

Bank	:	FNB
Takkode	:	205609
Rekeningnommer	:	6274 913 4243
Verwysingsnommer	:	9719 Jaarblad

Vir enige ander navrae, e-pos gerus vir Mev. J. Ruthven by julie@riebie.co.za.

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

SPORT

ATLETIEK

Oefentye

Maandae – Donderdae	16:00 – 17:00	Verspring, Hoogspring, **Senior** Naellope en Hekkies
Maandae – Donderdae	14:15 – 15:15	Middel-afstande & Landloop
Maandae – Donderdae	15:00 – 16:00	Gewigstoot **Seuns**
Maandae & Woensdae	15:15 – 16:15	Gewigstoot **Dogters**
Dinsdae & Donderdae	14:15 – 15:15	Gewigstoot **Dogters**
Maandae & Woensdae	14:15 – 15:15	**Junior** Naellope
Dinsdae & Donderdae	15:15 – 16:15	**Junior** Naellope

KRIEKET

Alle seuns is welkom om die oefening by te woon. Bring asseblief, indien moontlik, jou eie krieketbal- en toerusting. Krieket-toerusting sal, sover moontlik, voorsien word.

Oefentye as volg:

Maandae	0/10B, 0/11, 0/12, 0/13	14:15 – 15:15
	0/9A en 0/10	15:15 – 16:15
Dinsdae	0/9A en 0/10	14:15 – 15:15
	0/11, 0/12, 0/13	15:15 – 16:15
Woensdae	0/10B, 0/11, 0/12, 0/13	14:15 – 15:15
	0/9 A en 0/10	15:15 – 16:15
Donderdae	0/9A en 0/10	14:15 – 15:15
	0/11, 0/12, 0/13	15:15 – 16:15

LIGA-WEDSTRYDE: Die spesifieke dag waarop wedstryde gaan plaasvind sal aan ouers op die WhatsApp-groepe gekommunikeer word.

13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	1ste Span
13 September 2021 – 17 September 2021	LOSLOOITJIE	2de Span
20 September 2021 – 23 September 2021	L/S VRP vs Tembisa	
27 September 2021 – 1 Oktober 2021	FINALE	
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	3de Span
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	O/11A
13 September 2021 – 17 September 2021	FINALE	O/11B
13 September 2021 – 17 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	O/10A
13 September 2021 – 17 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	O/10B
13 September 2021 – 17 September 2021	L/S VRP vs L/S Impala	O/9A

MINI-KRIEKET

Oefentye

Dinsdae en Donderdae

O/7 en O/8	13:30 – 14:00
O/9B	13:45 – 14:15

TENNIS

Francois Marais en Henrico Zietsman gaan op 14 September 2021 aan ‘n tennistoernooi deelneem, wat ook dien as proewe vir die Oos-Gauteng spanne. Ons wens hierdie twee seuns baie sterkte toe!

Oefentye

(Graad 4 – Graad 7 **seuns en dogters**)

Dinsdae en Donderdae 06:00 – 07:00

MINI-HOKKIE

Oefentye

Dinsdae en Donderdae (Dogters moet, indien moontlik, hul eie stok en bal saambring).

O/7 en O/8	13:30 – 14:00
O/9	13:45 – 14:15

HOKKIE

DOGTERS OEFENTYE

Maandae	O/10 en O/11	14:15 – 15:15
	O/12 en O/13	15:15 – 16:15
Dinsdae	O/12 en O/13	14:15 – 15:15
	O/10 en O/11	15:15 – 16:15
Woensdae	O/10 en O/11	14:15 – 15:15
	O/12 en O/13	15:15 – 16:15
Donderdae	O/12 en O/13	14:15 – 15:15
	O/10 en O/11	15:15 – 16:15

DOGTERS WEDSTRYDE

Die O/10, O/11, O/12 & O/13 dogters Hokkiespanne sal as volg wedstryde speel:

14 September 2021 : VRP vs Impala (by Hoërskool Kempton Park)

SEUNS OEFENTYE

Maandae	15:15 - 16:15
Dinsdae	14:15 – 15:15
Woensdae	15:15 – 16:15
Donderdae	14:15 – 15:15

SEUNS WEDSTRYDE

Die O/13 seuns Hokkiespan sal as volg wedstryde speel:

VRP vs Woodlands (by Woodlands) **Datum sal bevestig word.*

15 September 2021 : VRP vs Farrarmere (by Jeugland)
16 September 2021 : VRP vs Impala (by Impala)
21 September 2021 : VRP vs Randhart (by Jeugland)
28 September 2021 : VRP vs Kruinsig (by Jeugland)

ALGEMEEN

LEERDER VERJAARSDAE

Verjaarsdae is 'n groot gebeurtenis en almal wil graag deel in die vreugde. Ongelukkig beperk Covid-19 protokol die manier waarop verjaarsdae by die skool gevier kan word. Ons mag ongelukkig nie enige koek of lekkergoedpakkies met verjaarsdae aan leerders uitdeel nie.

Ons rig dus 'n versoek aan ouers om asseblief nie lekkergoedpakkies of koek vir u kind se verjaardag skool toe te stuur nie.

FOTODAE

Die volgende foto's word op 13 en 14 September 2021 geneem:

- 13 September 2021
  - **Leerders kom in hul skoolsweetpak skool toe en bring verskillende sporte se klere saam.**

1. Mini-netbal	0/7 – 0/9 groep
2. Valkie rugby	0/7 – 0/8 groep
3. Mini-hokkie	0/7 – 0/9 groep
4. Mini-krieket	0/7 – 0/9 groep
5. Netbal	0/10 – 0/13A, B en C spanne
6. Rugby	0/9 – 0/11A en B spanne 3de span, 2de span en 1ste span
7. Skaak	0/9, 0/11 en 0/13

- 14 September 2021
  - **Koorlede kom in hul koorklere skool toe en bring sportklere / skoolklere saam.**

1. Senior Koor
2. Junior Koor
3. Revue

  - **Sportspanne kom in skoolsweetpak skool toe.**

1. Krieket	0/9A, 0/10A&B, 0/11A&B 3de span, 2de span en 1ste span
2. Hokkie	0/10 – 0/13 groepe
3. Hokkie	Seuns
4. Tennis	1ste span
5. Redenaars	Afrikaans en Engels

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 13 SEPTEMBER 2021 – 17 SEPTEMBER 2021

MAANDAG	KERRIE EN RYS	BROODJIE & SAP
DINSDAG	PAP EN WORS	VRUG & SAP
WOENSDAG	PIZZA	BROODJIE & SAP
DONDERDAG	SPAGHETTI BOLOGNAISSE	VRUG & SAP
VRYDAG	KOUEVLEIS ROLLETJIES	SKYFIES, VRUG & SAP

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***